Publication: Rapport, Weekliks
Date: 11 Sep 2016
Page: 6

# Gordhan groter probleem as wat baie besef

Frans Cronjé



## Die ander kant

Op 'n moeilike tydstip in die aanloop tot die politieke oorgang van die 1990's het 'n voormalige senior Nasionale Party-leier na bewering vir 'n Amerikaanse diplomaat gesê Suid-Afrika moenie die verkeerde fout maak nie. Dit is 'n uitsonderlike manier om die beperkte keuses te beskryf wat lande soms het.

Twee weke gelede is in hierdie rubriek daarna verwys dat Pravin Gordhan, minister van finansies, in die eerste plek aandadig was aan 'n anti-sakegerigte beleidsraamwerk wat soveel skade aan die ekonomie aangerig het.

In die tweede plek het die regering in Gordhan se ampstermyn beheer oor die begroting begin verloor en sy skuldvlakke verdubbel deur roekelose optredes soos die beduidende vergroting van die staatsdiens, die subsidies wat aan korrupte en swak bestuurde maatskappye in die staat se besit betaal is, asook belastinggeld wat op duur SEB-tenders vermors is.

In die derde plek het hy tot dusver nog nie 'n enkele oproep ondersteun om die vele werklike beleidsprobleme wat die ekonomie in die gesig staar aan te pak nie.

Tog steun sakeleiers hom steeds. Dit is werklik onsinnig.

Die ergste is die wyse waarop die sakegemeenskap hom ondersteun. Hulle vra dat pres. Jacob Zuma ingryp en 'n strafregtelike ondersoek beëindig - in werklikheid 'n buitengewone misbruik van mag.

Baie akademici en burgerlike gemeenskapsgroepe het dieselfde ingryping aangevra. Dit het ook geen sin nie. Die minister het deur die reusebegrotingstekort die staat se vermoë afgetakel om besteding aan maatskaplike welsyn en universiteitsfinansiering uit te brei.

Tereg het die presidensie gesê hy sou nie by 'n strafregtelike ondersoek inmeng nie. Min mense twyfel natuurlik dat Zuma se vriende en bondgenote in die eerste plek vir dié ondersoek verantwoordelik is. Maar in 'n land waar min politieke leiers aanspreeklik gehou word, sal dit beter wees om die polisie-ondersoek te ondersteun; laat dinge hul gang gaan en laat die howe besluit. Dit is hoe 'n demokratiese gemeenskap funksioneer - nie in die trant waar die president kan besluit wie vervolg moet word nie.

Die enigste argument ten gunste van Gordhan is dat sy afdanking 'n groter fout kan wees as om hom te behou omdat sy opvolger erger kan wees. Maar dit is 'n verskriklike motivering om hom te ondersteun. Laat die sakesektor eerder sy mag as drukgroep gebruik om aan te dring op 'n algehele opruiming van korrupte leiers. Dit is futiel om een man in 'n totaal korrupte politieke stelsel te probeer red.

Die politieke ontleder Thomas Johnson slaan die spyker op die kop wanneer hy op die webblad Politicsweb skryf dat Gordhan se oproep om hulp "vreemd" is in die lig van sy medepligtigheid aan Suid-Afrika se ekonomiese krisis. Johnson haal die redakteur van die *Daily Sun*, Jeremy Gordin, aan wat die minister baie juis as "a spin-doctor extraordinaire" beskryf. Magnus Heystek van Brenthurst Wealth val op as die enigste sakeleier wat volgens ons waarneming sy eie kliënte teen Gordhan gewaarsku het.

Ek kan nie beter doen nie as om hierdie rubriek af te sluit met 'n aanhaling van die *Business Day*-rubriekskrywer Gareth van Onselen, wat in Mei vanjaar geskryf het:

"Dit sal dwaas wees om Gordhan in die lig van so 'n krisis te verafgod. Hy het 'n nare meerderwaardigheidstreek.

"Dit is verpak in oënskynlike piëteit, maar word dikwels weerspreek deur 'n tipiese arrogansie wat in geen geringe mate nie bygedra het tot die krisis waarin die ANC hulle tans bevind."

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission